Ass. 2

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-05-23

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 93 (IN CAMERA-GETUIE NR. 16)

(Bladsye 4 533 - 4 562)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

HOF IN CAMERA

MNR. JACOBS: U Edele, die getuie wat gaan kom kom van Alexandra af waar op die huidige oomblik baie probleme ondervind word, onluste daar, oproer. Die getuie deel my mee dat sy is welbekend in hierdie gebied. Sy deel my mee as mense haar waarneem dan is haar lewe beslis in gevaar. Sy vrees vir haar eie lewe weens die feit dat sy in so 'n tipe saak getuienis gee, van politieke aard teen mense van UDF, dan is sy beslis in gevaar. Sy het 'n ernstige beroep op die Hof gedoen dat sy haar getuienis in camera kan gee en dat mense wat nie by die saak betrokke is nie uitgesluit word. Op die veronderstelling dat miskien net haar naam nie gepubliseer word nie sê sy is bang, sy wil nie dat die mense haar sien nie en dit is nie omdat sy bang is om getuienis te gee nie, maar omdat sy bang is vir haar lewe en dat mense dit gaan verkondig dat sy getuienis gegee het, dan gaan sy beslis in gevaar wees. Ek mag net dit meld dat uit die aard van haar werk wat sy daar bedryf is sy 'n baie welbekende persoon en is dan meer blootgestel aan die wraak van die mense daar as sy sou getuig.

COURT: Mr Bizos?

MR BIZOS: I adopt a similar attitude that we have adopted hitherto, My Lord. We submit, with respect, that to say that anybody who gives evidence in this sort of case, whatever that may mean, is not justified. The people who come along and identify people on a video, there is no suggestion that any such people have been in trouble in the past and, with respect, it merely extends the non-application of the general rule of the doors of the court remaining open to such an extent that we will now have a situation that practically all trials have to be held behind closed doors and we object, My Lord, to this procedure, and we ask Your Lordship to conduct this sort of inquiry that will enable the Court to remain open. We would have no objection to

the/..

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

the non-publication of her name if that is going to make her feel more comfortable, but the close of the doors of the court is not justified, we submit, in the sort of reasoning.

<u>HOF</u>: Laat ons maar die getuie hoor.

<u>HOF AAN IN CAMERA-GETUIE</u>: Sal u u naam skryf, asseblief, op die stukkie papier, en skryf u beroep ook neer, asseblief. (Die getuie doen dit.) Ek begryp dat u vra dat u getuienis <u>in camera</u> afgelê word. Ek begryp dat u moet getuienis aflê oor 'n vergadering in Alexandra waarvan daar 'n video vir ons vertoon sal word. Kan u vir my sê waarom u <u>in camera</u> wil getuig? -- Omrede Alexandra so gevaarlik is deesdae. Eintlik ek beskou dit as meer gevaarlik in die hele Suid-Afrika en ek is goed bekend in Alexandra. Ek woon daar vir die afgelope meer as 20 jaar.

Kan u net vir ons 'n bietjie agtergrond gee van Alexandra. Ek is nie veronderstel om presies te weet wat aangaan in Alexandra nie. -- Daar word baie mense doodgemaak, mense se huise word aan die brand gesteek, die polisiebeamptes word doodgemaak en hulle word uit die huise uitgesit. Hulle hardloop nou weg. Hulle bly in die veld. Met die redes was Alexandra so gevaarlik gewees dat 'n mens dit nie so kan aanvaar daar nie.

Is dit om politieke redes dat hierdie dinge gebeur? -- Ja.

Nou is daar twee moontlikhede. Die een is dat ek beveel dat die saak <u>in camera</u> gehou word, dit wil sê dat daar niemand van die publiek hier in die hof is nie, die ander is dat ek beveel dat die publiek wel hier mag wees, maar dat u naam nie in die koerant gepubliseer mag word nie. Waarom is laasgenoemde nie voldoende nie? -- Omdat ek bang is. Ek is 'n ouer en 'n ouma van kinders. Ek het ook my ouers daar. Ek is dus bang dat ek doodgemaak sal word.

Is u bang dat iemand u sal herken in die hof? -- Ja.

Wil u nog iets byvoeg? -- Nee.

Is u iemand wat, uit die aard van u werk, die hele Alexandra

vol/..

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

vol beweeg? -- Ja, my werk is so gevaarlik in dié sin dat die publiek daar sien my.

My reëling is dat HIERDIE GETUIENIS IN CAMERA AFGELê SAL WORD. Is daar voorsiening gemaak dat die publiek buitekant die hof die televisie kan sien?

MNR. JACOBS: Ons het die skerms op. Ek sal net hoor of hulle gekonnekteer is.

HOF: Sal u net kyk of die drade nie weer afgeskop is of iets van die aard nie. Indien u wil sal ek 'n oomblik verdaag daarvoor.

MNR. JACOBS: Ek sal net seker maak, asseblief, U Edele.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MNR. JACOBS: U Edele, net voor ons begin, die gewone reëling geld seker vir die pers dat hulle mag niks publiseer om die identiteit te openbaar - of moontlik kan openbaar nie.

COURT: Yes, the press is informed this hearing is in camera, that the previous ruling stands, that no information is to be published which in any way indicated the identity or tends to indicate the identity of this witness. This witness will be known as in camera witness no. 16.

MR BIZOS: My Lord, I am sorry to do this, I have not, generally speaking, even asked for the name where it was apparent from the nature of the evidence that no investigation was necessary because it does not really matter, but Your Lordship has been given a note with her name and her work. It is a fundamental principle, I would have thought that Your Lordship should know nothing that we do not know. So, I did ask him formally, the prosecution, whether they were prepared to tell me this and I was told that they were prepared to give me the name, but I do not know whether - well, it may not even become necessary, but I am mystified about the nature of this work.

COURT: She works for the town council.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

MR BIZOS: Well, then I do not know why I was not told sooner.

IN CAMERA-GETUIE NR. 16 v.o.e. (Deur Tolk)

HOF: Gaan dit BEWYSSTUK 23 wees?

MNR. JACOBS: 23 wees en die band wat daarby gaan wees op hierdie stadium gaan BEWYSSTUK 29 wees.

HOF: Nie V23 nie?

MNR. JACOBS: V23 is die transkripsie.

HOF: Die band is nie 23 nie, die band is 29?

MNR. JACOBS: Nege-en-twintig. U Edele, en kan ek op u goedheid nog verder aanspraak maak en vra dat die getuie mag sit as sy haar getuienis gee.

HOF: Ja, u kan te eniger tyd sit.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Op 19 Junie 1983 het jy 'n vergadering bygewoon in die Methodiste Kerksaal te Tweedelaan, Alexandra? -- Ja, ek het.

Hierdie vergadering, was hy vooraf geadverteer gewees? -- Ja, hy was.

Hoe was dit geadverteer? -- Daar was pamflette opgesit by die hostel, by die bioskoop se gebou en 'n luidspreker is gebruik in die strate.

Het jy gegaan om hierdie vergadering by te woon?

TOLK: Verskoon my, U Edele, ek het al die getuie verskeie kere gesê om 'n bietjie hard te praat. Beskuldigdes kla dat hulle niks kan hoor van wat die getuie sê nie.

HOF: Ja, u moet asseblief hard praat en as dit dan nie duidelik genoeg is nie sal u moet staan en praat sodat die klank na hulle toe kom. Probeer om te praat sodat die agterste man van die beskuldigdes daar heel agter u baie duidelik kan hoor. Maak of dit u kleinste kind is en asof u hom by die bure roep.

MNR. JACOBS: Goed, het jy die vergadering gaan bywoon? -- Ja, ek het.

Hoe/..

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Hoe het jy na die kerksaal toe gegaan of die kerk toe? -- Te voet.

HOF: Is dit 'n kerk waarin die vergadering was of is dit 'n saal langs 'n kerk? -- In die kerkgebou self.

MNR. JACOBS: Ken jy die kerk? -- Ja, baie goed.

Toe jy by die kerk aankom, wat het jy daar aangetref? -- Die mense wat die vergadering daar gaan hou het, was teenwoordig, die AZAPO-mense. Ek het ook saam met hulle daar gebly.

HOF: Is dit 'n AZAPO-vergadering? -- AZAPO was ook daar gewees. Dit was eintlik verskillende mense gewees, want die mense wat die vergadering daar gaan hou het, se name was baie. Dit het verskil.

As u praat van mense, bedoel u groepe? -- Ja, die groepe was baie.

Nou, u sê dit was nie net 'n AZAPO-vergadering nie. Watter ander groepe se vergadering was dit ook? -- Van die pamflette was geskryf ANC.

Ja, en wat nog? -- Ek kan nie die ander onthou nie, want dit is lank terug wat dit gebeur het.

MNR. JACOBS: Kan jy onthou was daar plakkate van die ander organisasies wat daar opgetree het in die kerk aangebring? -- Ja, dié was opgesit aan die mure van die kerk.

Op die verhoog? -- Die persone wat hoë posisies beklee het by hierdie vergadering het op die verhoog gesit soos wat die Hof nou daar sit.

Kan jy onthou van die persone wat daar opgetree het wat op die verhoog gesit het? -- Harrifel June is een van hulle, Mogotsi, die derde een was die predikant van daardie kerk van Methodist, naamlik Moleleki. Hulle was 'n klompie. Ek kan nie die ander onthou nie.

By hierdie vergadering, toe jy daar aangekom het, was

gesing/..

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

gesing in die kerk gewees of nie? -- Ja, daar was liedere gesing van Nkosi Sikelele en Amandla Ngawethu.

Gedurende die loop van die vergadering, was daar nog gesing? -- Ja, daar was baie gesing.

Kan jy onthou of daarso gedans was op hierdie vergadering, of mense in die rondte geloop het tydens die vergadering of nie? -- Hulle het gesing. Ek het saam met hulle gesing. Ons was bly vir die ding wat hulle daar gedoen het.

HOF: As u praat sing, beteken dit stilsit en sing of beteken dit beweeg en sing? -- Ons het beweeg binne-in die kerkgebou (getuie demonstreer ).

Met die hande in die lug rondgeswaai. Het u ook gestap? -- Ja, rondgestap in die kerkgebou.

MNR. JACOBS: Kan jy onthou terwyl julle nou daar so gesing en rondgestap het en daardie insidente of daar iets rondgedra was saam met die mense as hulle so gestap het deur van die mense? -- Twee van die persone het ꞌn vlag daar gehou, een aan een kant van die vlag.

Kan jy vir ons sê watse vlag of hoe kleur vlag was dit? -- Die kleur van die vlag was wit, geel en die derde kleur kan ek nie meer onthou wat die kleur was nie.

HOF: Was daar op die vlag geskryf? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie.

MNR. JACOBS: Jy onthou hulle het ꞌn vlag rondgedra daar? -- Ja.

Kan jy onthou na die vergadering wat het gebeur? -- Na die vergadering uit was ons het die kerk verlaat en weggegaan. Ons is omtrent twee lane verby terwyl ons nog so gesing het.

As jy sê "ons", wie is nou die ons? -- Die mense wat daar was, het gesing. Ek het saam met hulle gesing tussen hulle.

Met ander woorde het al die mense saamgeloop in ꞌn soort van ꞌn optog? -- Ja.

Die/..

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Die vlag, was hy saamgeneem of wat het geword van hom? -- Dit was oopgehou in die straat. Ons het hulle gevolg met die vlag.

U Edele, ek gaan die video dan - versoek dat ek hom aan die Hof vertoon. Dat sal BEWYSSTUK, soos ek gesê het, 29 wees, die video self. Dit is weer in ŉ verseëlde koevert, polisieseël 1141 soos al die ander ook verseël was. Voorop die koevert is hier ŉ aantekening gemaak "Oorspronklike video gemerk op bokant in groen 'Alexandra 16 Junie Herdenking.'" Op die agterkant dan ..

HOF: Net so ŉ oomblik, mnr. Jacobs, u het gepraat van ŉ vergadering op 19 Junie. U sê nou dit is ŉ 16 Junie-herdenking. Is die herdenking gehou drie dae later?

MNR. JACOBS: Dit is dieselfde vergadering. Ek noem net wat hier opgeskryf is.

HOF: Ja, gaan voort.

MNR. JACOBS: Op agterkant staan "(180) Alexandra nr. 15 " dan is daar ŉ nommer, maar die nommer is nie in nie, dan is dit net "June 16 Commemoration." As ek die feite reg verstaan sou dit op die 16de gehou gewees het, maar later gehou op ŉ later stadium. Daar het blykbaar iets gebeur wat dit nie kon gehou word op die 16de nie. U Edele, ek breek dan die seël. U Edele, die kasset is in ŉ houer waarop staan "Sony Dynamicron E180 VHS-videokasset" en ook op die rugkant van die houer aangebring. Op die kasset self, op die bokant staan daar ŉ ronde plakkertjie met die syfers 180 daarop, dan op die onderkant is weer in kleefband aangebring waarop dan "(180)" dan staan daar "Alexandra 15", die nommer is dan - hierso is ŉ nommer doodgekrap - 27 is doodgekrap, dan staan daar "June 16 Commemoration" en dan is hierso ook weer ŉ plakkertjie aangebring met kleefband met die nommer 125 daarop. Op die voorkant is een van hierdie kleefdrukbande aangebring. Dit is ŉ groen band en daarop is gedruk "Alexandra

16 Junie/..

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

16 Junie Herdenking", dan is hier ook 'n etiket van 'n ander Hof hierop D3, die bewysstuknommer, waarop V23 ook geskryf is. Ek vra dan verlof dat hierdie ingaan as 'n bewysstuk.

HOF: Sal u dit merk, asseblief, die houer ook, as BEWYSSTUK 29.

MNR. JACOBS: Ek het dan die houer sowel as die kasset gemerk BEWYSSTUK 29. Die kasset het ek op die onderkant op daardie kleefband gemerk.

HOF: Op watter masjien word die kasset gespeel?

OPERATEUR: U Edele, dit is 'n JVC, model nr. HR/D12OES.

MNR. JACOBS: Net voor ons speel wil ek net vir die getuie vra ons gaan nou die band speel, sy kan daarna kyk en as sy enigiets sien wat sy graag daarop wil uitwys aan die Hof wat sy identifiseer van die vergadering, dan moet sy vra dat die spelery gestop word en dan wys sy dit uit. Ek sal dit ook doen, en vir haar vra om dinge te identifiseer.

HOF: Begin ons band by nul?

OPERATEUR: Dit is so.

HOF: Die eerste beeld kom op die doek by 4. Gaan voort.

MNR. JACOBS: Kan ons net miskien vir haar vra of sy kan onthou dat daar so 'n plakkaat daar opgeplak was by die saal of iewers daar naby? -- Ja, hierdie een van Sharpeville was daar gewees.

Waar was hy opgeplak? -- Teen die muur binne-in die kerkgebou.

HOF: Wat is dit wat daar lê op die plakkaat, is dit lyke, persone? -- Dit lyk na lyke.

(Videoband word gespeel - stop.) -- Daardie een ook wat nou op die beeld is, was ook daar gewees.

Nr. 20. Was hy ook op die muur of waar was hy? -- Ja, dié was ook op die muur gewees.

Dit lyk nie vir my of hy daar op 'n muur is nie.

MNR. JACOBS/..

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

MNR. JACOBS: Dit lyk of hy aan 'n tafel is buitekant.

HOF: Dit is AZASO en COSAS. Ja?

BIZOS: AZASO and National Focus.

COURT: Oh, AZASO is very big and National Focus is smaller on the book and below that is COSAS.

MNR. JACOBS: (Videoband word gespeel - stop, word gespeel tot by regte plek.) Nr.58. Kan sy onthou die plakkaat, of sy hom daar gesien het? -- Ek onthou hierdie plakkaat.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 79. -- Dit is een van die liedere wat daar gesing was.

HOF:"Siyenzeni Na"? -- Ja.

MNR. JACOBS: Is dit binne-in die kerk daardie? -- Ja.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 122. -- Die persone op daardie beeld onthou ek. Hulle was teenwoordig daar.

Die een met die uniform daar, weet u watse uniform het hy aan? -- Nee, ek weet nie.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 153. -- Die persone nou op die beeld ken ek.

Is dit persoon op die voorgrond? -- Ja, maar wat ek daarby bedoel is dat die mense soos hulle daar is, is die beeld van die mense soos hulle daar was in die vergadering.

En die persoon op die voorgrond, ken jy hom? Wie is hy? -- Ek ken hom van sien. Ek weet nie wat sy naam is nie.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 220. -- Die persone op die beeld is aan my baie goed bekend. Ons loop eintlik saam dieselfde pad omtrent elke dag as ek werk toe gaan. Ek vergeet net sy naam.

Is dit die persoon wat bid? -- Ja.

HOF: Ja, maar bedoel u nou hardop voor bid of wat saambid? U moet nou nie verwarrend vra nie.

MNR. JACOBS: Wat die gebed lei.

HOF/..

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

HOF: U het die klank gehoor van iemand wat bid. Is dit hierdie persoon wat daar praat of bid hy maar net saam? -- Hy is die persoon wat hierdie vergadering met 'n gebed geopen het.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 289. -- Die geskreeuery het daar ook plaasgevind.

Die "Amandla"? -- Ja, "Amandla Ngawethu."

Ja, gaan aan. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 304.-- Hierdie ook wat hulle daar sing "Dibula", was ook daar gesing.

Is dit 'n bekende lied of is dit 'n lied wat u vir die eerste keer hier gehoor het? -- Ek het dit vir die eerste keer by hierdie vergadering begin hoor.

Het u dit later weer gehoor of net by die vergadering? -- Na vergaderings gehou was dan hoor ek die mense hierdie lied sing in die strate.

Ja, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 318. -- Speel 'n bietjie terug. Ek is die persoon daar met 'n rooierige trui.

(Videoband word teruggespeel - stop.) -- Die vroumens met 'n hand op daar is ek.

(Videoband word gespeel - stop.) (Videoband word teruggespeel op versoek van getuie - stop.) Nr. 322. -- Die persoon met 'n swart en wit trui met 'n hand op is 'n vriend van my.

MNR. JACOBS: Is daar tussen jou en haar 'n ander vrou? Is dit dié een wat jy netnou bedoel het as jy? -- Ja.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 379. -- Die punt wat ek van wil praat is nou net verby.

HOF: Ja, maar sê maar wat is die punt wat u van wil praat? -- Wat ek wil genoem het daar is 'n vroumens wat net verby is op die beeld daar. Sy is my buurvrou. Ek het haar genooi om saam met my te gaan na hierdie vergadering.

Ja, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 403. -- Ja, ek ken die persoon daar al weet ek nie wat die naam is van

die persoon/..

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

die persoon wat daar besig is om te praat nie, maar ek ken hom.

Dankie. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 448. -- Die lied "Mandelawethu" was ook daar gesing.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 521. -- Hierdie lied is "Hlanganani Sibensi" is een van hulle wat gesing was.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 564. -- Terwyl hulle hierdie lied gesing het, het hulle mekaar met die hande gevat soos uself kan sien, dit is "Hlanganani Sibensi".

Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) (Op versoek van getuie word videoband teruggespeel - stop.) Nr. 574. -- Die persoon op die beeld nou daar is Gcina.

Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 592. -- Dit is die altaar.

MNR. JACOBS: Kan sy vir ons sê wie is die persoon wat daar praat? -- Ek ken die persoon. Ek kan net nie die naam onthou nie, wat sy naam is.

HOF: Het hy gepraat daar? -- Ja.

Ja, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Is dit "Thank you, Comrades eh .." soos die vertaling aandui of is dit "Thank you, Comrade Chair"?

MR BIZOS: I think it is the latter, My Lord.

COURT: "Comrade Chair."

MNR. JACOBS: Terwyl ons nou gestop het, kan sy vir ons sê daar - sy het gepraat van die plakkate aan die mure, is dit nou soos sy daar sê? Daar is daardie een van Sharpeville ook daar agter. -- Ja.

HOF: (Videoband word gespeel - stop.) Hy is nou besig om Tswana te praat en dit wil voorkom asof daar 'n vertaling ingesit is daarvan in die transkrip onder die hofie "translation" op bladsy 13. Nou is dit nie duidelik of die onderste Tswana, wat hieronder staan, of dit nou dit is wat vertaal is daarbo nie. Mnr. Jacobs, wat gaan aan?



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

MNR. JACOBS: Dit wil voorkom asof die vertaling wat bo staan is die vertaling van die woorde net daar onder.

HOF: Nee, ek is nie so seker daarvan nie. Ek het probeer om dit te volg hieronder. Ek kon dit nie optel daar nie. Ek dink ons moet weer teruggaan waar hy begin om - waar hy ophou om Engels te praat en oorgaan na Tswana of wat dit ook al is. (Videoband word gespeel tot op regte plek - stop.) Nr. 643. Dit wil vir my voorkom asof die transkripsie verkeerd is op bladsy 13. U moet dit maar later self uitsorteer. Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 692. Het dit enige sin, mnr. Jacobs om ons te laat luister na die Tswana?

MNR. JACOBS: Nee, U Edele, ons kan dit maar aan laat gaan.

HOF: Tot waar?

MNR. JACOBS: Dit mag net wees dat ...

HOF: Wel miskien sal die getuie dalk iets optel terwyl die man praat. As daar iets is wat u dink sy moet identifiseer dan sal ons daarna moet luister, maar as daar niks is wat u dink sy moet identifiseer nie, dan moet ons dit verbygaan wat my betref.

MNR. JACOBS: Dit mag net wees - die Verdediging het die punt geneem dat die goed nie volledig is nie, dat hulle miskien ..

HOF: Wel, u moet u saak aanbied, mnr. Jacobs, maar u moenie verwag van my om te luister nie.

MNR. JACOBS: Ek sal net vra dan dat ons elke keer aanspeel net tot 'n verandering kom dat hulle dinges - ek dink hierdie hele band is in Tswana.

HOF: Dit lyk vir my die hele ding is vertaal. So, met ander woorde basies wat u ons gaan laat doen is ons moet gaan sit en luister na "Hlanganani Na".

MNR. JACOBS: En dan die persone net identifiseer, die getuie net die persone ...

HOF: Ja, gaan voort.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

MNR. JACOBS: Kan ons hom dan net aandraai, dat hy miskien net vinniger gaan. (Videoband word gespeel - stop.) U Edele, kan ek net - ek sien dit is nou 11h00, ek wil net ...

HOF: Ja, ek sal die verdaging neem. U kan die saak met mnr. Bizos bespreek. Wat my betref is dit ŉ totale vermorsing van tyd om te sit en kyk na ŉ band wat vinnig verbyvlieg of om te sit en luister na Tswana wat ek nie volg nie. As daar een of ander deeltjie in die band is wat u graag voorgespeel wil hê dan kan u hom maar uitpik, as dit nodig is vir identifikasie of vir ŉ ander doel en as daar later ŉ stryery oor die band is dan kan ons hom later sien.

HOF VERDAAG VIR TEE. HOF HERVAT.

MNR. JACOBS: U Edele, ons kan nie tot ŉ vergelyk kom nie. Ek sal dan vra dat ek net die getuie oor die - dat elke spreker wat net opkom, dat ek net vra dat sy hulle kan identifiseer.

MR BIZOS: My Lord, with the greatest respect, I do not understand this remark that we could not come to any agreement. I was only asked what my attitude was in relation to the translation. I said you will not have to prove the translation if the tape is admitted. I was not asked to consider anything else. I really do not understand the remark. What was I suppose to agree to that I did not agree to.

HOF: Sal u dit verduidelik, asseblief.

MNR. JACOBS: As ek dit so mag stel, U Edele, ek het vir mnr. Bizos gevra of ons hom heeltemal moet deurwys en of ons dan die persone kan identifiseer, toe sê mnr. Bizos hy wil nie videos sien nie. So hy is nie bereid ...

MR BIZOS: No, with the greatest respect, My Lord.

MNR. JACOBS: Dit is soos ek dit verstaan het.

HOF: Wel, u kan die ding aanbied soos u wil. Ek doen aan die hand u jaag die ding nou deur tot by die volgende spreker en

dan/..

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

dan identifiseer ons hom, as hy geïdentifiseer kan word en dan gaan u voort tot by die volgende spreker. U kan 'n rukkie stilhou by Jingles omdat hy so goed voordra.

IN CAMERA-GETUIE NR. 16 (Nog onder eed)

VERDERE ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Laat hom maar vinnig hardloop dan totdat hierdie spreker afgaan. (Videoband word gespeel - stop.)

HOF: Nr. 1103. Dit is die einde van die toespraak van hierdie spreker. Laat ons dit net vind in die transkripsie.

MNR. JACOBS: U Edele, dit is op bladsy 21.

HOF: Is die laaste gedeelte van wat hierdie spreker gesê het in Engels? Gaan net 'n bietjie terug, net voordat die spreker ophou. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1088. Dit is die einde van die toespraak op bladsy 20 van V23.

Gaan voort. Speel hom nou maar. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1162.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL): Wat beteken die "Samora apile maboti"? -- Samora wat my betref is die naam van 'n persoon wat daar geskree word en dan die ander antwoord en vra eintlik - wat hulle sê "ake amahapi lamabono", dit beteken "Waar is die boere"?

MNR. JACOBS: Het hierdie dinge daar gebeur op hierdie vergadering terwyl u daar teenwoordig was? -- Ja.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1188. Die persoon wat nou daarso praat, kan jy hom identifiseer? -- Dit was so gewees. Die persoon was die spreker. Ek weet net nie wat die naam van die persoon is nie.

HOF: Speel maar totdat ons aan die einde kom van hierdie stukkie Engels en wanneer ons dan by die Zoeloe kom speel u dit maar vinnig tot die einde van die toespraak. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1210.

MNR. JACOBS: Kan jy net vir ons sê die persoon daar, het dit daar

gebeur/..

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

gebeur dat toe hy aanvanklik begin in Engels het hy toe oorgeslaan in 'n Bantoetaal? -- Ja.

Watter taal het hy toe oorgeslaan na? -- Dit is Tswana.

Op bladsy 25 moet ons net sê dan slaan die persoon weer na Engels toe. (Videoband word gespeel - stop.)

MR BIZOS: Are we told that what appears as Zulu is Tswana?

COURT: It would appear to me that we are told that. I am very sceptical about that. (Video tape is played - stop.) -- That is Zulu.

MNR. JACOBS: (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1422. -- Hy het presies so gemaak soos hy nou daar op die beeld getoon word.

HOF: U bedoel met sy vingers? -- Ja.

Ja, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1493. -- Hy het net so gepraat soos hy die opmerking gemaak het in die Swarttaal.

Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1508.

MNR. JACOBS: Die lied wat nou gesing word, kan jy vir ons sê wat is die lied? -- Hulle sing van Dubula en Mandela word ook genoem in daardie liedjie.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1515. -- Dit is die vlag wat ek van gepraat het. Ek het die kleure gemis, watse kleure die vlag was.

HOF: Watse kleure sien u nou daar? -- Ek sien die swart. Die geel het ek melding van gemaak, maar daar is nog 'n kleur tussen die swart en die geel wat ek nou nie mooi kan sien van waar ek sit nie.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1538. Dit is nou die gedeelte wat in Zoeloe is.

MNR. JACOBS: Kan jy vir ons sê die persoon wat daar praat, weet jy wie hy is? -- Ek weet nie wie hy is nie. Ek ken hom net van sien.

HOF/..

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

HOF: Het hy daar gepraat? -- Ja, hy het.

Goed, gaan nou vinnig tot ons by die einde van die toespraak kom.

MR BIZOS: My Lord, I have an instruction which may perhaps - this previous song, My Lord ...

COURT: It was not about Tambo and .. It is about dogs.

MR BIZOS: I am instructed, My Lord, that even that is very wrong. The transcript there is ..

COURT: Well, I heard "isindja" there.

MR BIZOS: Well, perhaps we should play it back.

COURT: And I also could make out something like "zebulawa", but that may be wrong, but I definitely heard "isindja".

MR BIZOS: Well, I suggest, My Lord - I have an instruction, I cannot vouch for it naturally, but that is "tinasobukulawa". Perhaps I should spell it out. May I just get an instruction because I am instructed ...

HOF: Yes. Bring dit terug na 1508 toe. Ja, laat mnr. Bizos net instruksies kry dan kan ons dit speel.

MR BIZOS: I am told that the transcript is correct.

COURT: Yes, thank you. Gaan terug na 1538 toe. (Videoband word teruggespeel - stop.) Nr. 1538. Dit is nou waar die Zoeloe begin. Wil u dit gespeel hê, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS: Nee, dit kan deurgaan.

